

# Lewenswysheid

*Die pad na redding*

# LEWENSWYSHEID

*Die pad na redding*

Uitgegee en versprei deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
**www.bybelgenootskap.co.za**

BibleSA.co.za
BibleSA
**Laai ons Bybel-apps hier af.**

**Lewenswysheid**

Eerste digitale uitgawe 2022

Bybelteks: Die Bybel in Afrikaans 2020-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2022

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die kopiereghouer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel van inligtingsbewaring en -ontsluiting.

Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Posbus 5500, Tygervallei 7536, Bellville

www.bybelgenootskap.co.za

Epub-formaat ISBN 978-0-7982-2475-8
Mobi-formaat ISBN 978-0-7982-2476-5
PDF-formaat ISBN 978-0-7982-2477-2

# Voorwoord

*Die Bybel is baie eeue oud. Trouens, die laaste boek van die Ou Testament is lank voor die geboorte van Christus geskryf terwyl die Nuwe Testament tot stand gekom het teen die einde van die eerste eeu n.C. Tog is die boodskap van hierdie boek uit die verre verlede steeds nuut en vars vir elke generasie.*

*As die lewegewende Woord van die Lewende God is dit deur die eeue heen en tot vandag toe steeds die bron van krag en vertroosting vir miljoene gelowiges wat soos Paulus met oortuiging kon sê:*

... dat nóg dood, nóg lewe, nóg engele, nóg magte, nóg teenswoordige, nóg toekomstige gebeure, nóg kragte, nóg hoogte, nóg diepte, nóg enigiets anders in die skepping, ons sal kan skei van die liefde van God in Christus Jesus, ons Here.

*(Romeine 8:38b-39)*

*In 'n wêreld vol onsekerheid twyfel mense egter oor die waarde van geloof. Anders as Paulus is hulle nie oortuig van God se onwrikbare liefde vir hulle nie. Dikwels soek hulle sekerheid in hulleself en in tydelike dinge terwyl hulle die ewige waarhede wat in die Bybel staan uit die oog verloor.*

*Hierdie seleksie uit die Bybel is saamgestel om jou te help om die werklikheid van God se liefdevolle en ewigdurende teenwoordigheid in jou lewe te herontdek. Wanneer jy hierdie Woord van God wat deur die eeue standgehou het, lees, mag dit vir jou woorde van wysheid wees wat die pad vorentoe vir jou belig.*

Ek het ingesien
dat daar 'n voordeel is
aan wysheid bo dwaasheid,
soos die lig 'n voordeel is
bo die duisternis.

*(Prediker 2:13)*

# God – die Almagtige Skepper

**God het die hemel en die aarde gemaak**

*Kom ons begin deur te kyk wat die Bybel ons leer oor God se skepping en oor Hom as die Skepper en Heerser van die wêreld.*

Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here is van hemel en aarde, woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie. Hy word ook nie deur menslike hande bedien, asof Hy aan iets behoefte het nie – dit is Hy wat aan almal lewe en asem, ja alles, gee.
*(Handelinge 17:24-25)*

"... want geen woord wat van God af kom, is kragteloos nie."
*(Lukas 1:37)*

Alles het deur Hom ontstaan,
en sonder Hom het selfs
nie een ding wat bestaan,
ontstaan nie. *(Johannes 1:3)*

Nie een is soos U nie, HERE.
U is groot, en u Naam is groot in krag.

Hy wat die aarde gemaak het
deur sy krag,
wat die wêreld gevestig het
deur sy wysheid,
en deur sy insig
die hemel oopgespan het –
in sy stem, wanneer Hy dit
laat hoor,
is daar die gedruis van water
in die hemel. *(Jeremia 10:6,12-13a)*

So sê die HERE,
die Heilige van Israel:

"Dit is Ek wat die wêreld
gemaak het,
en die mense daarop het Ek geskep.
Ek, ja, my hande het die hemelruim
oopgespan,

en aan al die hemelliggame
    het Ek opdragte gegee.” *(Jesaja 45:11a,12)*

“U is waardig, ons Here en God,
    om die heerlikheid en die eer
        en die krag te ontvang,
omdat U alle dinge geskep het;
deur u wil het alles ontstaan,
    is dit geskep.” *(Openbaring 4:11)*

**God het die mens gemaak**

*In Genesis lees ons dat God Adam, die eerste mens, gemaak het deur hom uit die stof van die aarde te vorm. Toe God sy asem in hom geblaas het, het hy ’n lewende wese geword.*

Die dag toe die HERE God die aarde en die hemel gemaak het ... het die HERE God die mens met stof uit die grond gevorm, en in sy neus die asem van lewe geblaas. So het die mens ’n lewende wese geword. *(Genesis 2:4b,7)*

God het die mens geskep na sy beeld,
na die beeld van God
    het Hy hom geskep,
manlik en vroulik het Hy hulle geskep. *(Genesis 1:27)*

**God se doel met die mens**

*As ’n verdere teken van sy liefde en vertroue het God nie slegs die mens na sy eie beeld gemaak nie, maar Hy het hom in beheer van die skepping geplaas om dit te bestuur en te versorg:*

Die HERE God het die mens geneem en hom in die tuin van Eden geplaas om dit te bewerk en op te pas. *(Genesis 2:15)*

U laat hom heers oor die werk
    van u hande;
U het alles onder sy voete gestel:
al die kleinvee en beeste,
ja, selfs die diere van die veld,
die voëls van die hemel,
en die visse van die see wat verbytrek
    op hulle roetes deur die oseane. *(Psalm 8:7-9)*

Dit is Hy wat aan almal lewe en asem, ja alles, gee. Uit een mens het Hy al die nasies van die mensdom gemaak om die hele aarde te bewoon. Hy het vir hulle vasgestelde tye gegee en die grense van hulle woongebied bepaal, sodat hulle God kon soek, en miskien na Hom sou uitreik en Hom sou vind, aangesien Hy nie ver van een van ons af is nie. Want deur Hom leef ons, beweeg ons en bestaan ons. *(Handelinge 17:25b-28a)*

**Die mens verwerp God**

*Die mens se antwoord op die vertroue wat God in hom gestel het, was om ongehoorsaam te wees en sy liefdevolle kameraadskap te verwerp. Die gevolg was dat sonde in die wêreld gekom het. Die bewyse van die mens se sondigheid is oorweldigend.*

Daarom het God hulle deur middel van die begeertes van hulle harte oorgegee aan onreinheid, naamlik om hulle liggame onder mekaar te onteer – hulle wat die waarheid van God vir die leuen verruil het en geskape wesens aanbid en gedien het in plaas van die Skepper, wat tot in ewigheid lofwaardig is. Amen. *(Romeine 1:24-25)*

Almal het trouens gesondig, en die eer aan God ontbreek by hulle. *(Romeine 3:23)*

Uit die hart kom daar immers bose gedagtes, moord, owerspel, onsedelikheid, diefstal, valse getuienis en lastering. *(Matteus 15:19)*

Die HERE kyk vanuit die hemel
na die mense om te sien of daar
iemand is wat verstandig is,
iemand wat God soek.
Almal het afgedwaal,
saam het hulle ontaard;
daar is nie een wat goed doen nie,
selfs nie een nie. *(Psalm 14:2-3)*

# Hoe weet ons wat sonde is?

*Die mens is nie onkundig oor God se wette nie maar weens sy sondigheid het hy gekies om sy eie pad te volg. God het aan ons die Tien Gebooie gegee en in die Nuwe Testament som Jesus God se gebod op sodat ons dit kan verstaan en daarvolgens kan leef.*

Toe het God al hierdie woorde gespreek:

"Ek is die HERE jou God, wat jou uit Egipteland, uit die plek van slawerny, uitgelei het.

Jy mag naas My nie ander gode hê nie.

Jy mag nie vir jou 'n gesnede beeld maak nie – enige afbeelding van wat in die hemelruim daar bo, of op die aarde hier onder, of in die water onder die aarde is nie. Jy mag nie voor hulle in aanbidding buig nie, en jy mag hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n besitlike God, wat kinders laat boet vir die sondeskuld van ouers, selfs die derde en vierde geslag van hulle wat My verwerp, maar troue liefde bewys aan duisende, aan hulle wat My liefhet en my gebooie nakom.

Jy mag die Naam van die HERE jou God nie misbruik nie, want die HERE sal hulle wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat nie.

Gedenk die Sabbatdag deur dit heilig te hou. Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, maar die sewende dag is 'n Sabbat ter ere van die HERE jou God. Jy mag geen werk doen nie, nie jy en jou seun en jou dogter, jou slaaf en jou slavin, jou diere en jou vreemdeling wat by jou is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde en die see gemaak, en alles wat daarin is, maar op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die Sabbatdag geseën en dit geheilig.

Behandel jou vader en jou moeder met eerbied, sodat jy lank kan leef op die grond wat die HERE jou God vir jou gaan gee.

Jy mag nie moord pleeg nie.

Jy mag nie egbreuk pleeg nie.

Jy mag nie steel nie.

Jy mag nie vals getuig teen jou naaste nie.

Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie. Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, ook nie sy slawe en slavinne, sy beeste en donkies nie – enigiets wat aan jou naaste behoort nie."

*(Eksodus 20:1-17)*

**Die wet oortuig ons van sonde**

Trouens, ek sou nie die sonde geken het as dit nie deur die wet was nie. Ek sou immers nie geweet het wat begeerte is as die wet nie gesê het: "Jy mag nie begeer nie." *(Romeine 7:7b)*

**Jesus som die wet as volg op:**

Hy het vir hom gesê: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.' Dit is die belangrikste en die eerste gebod. En die tweede wat hieraan gelyk staan, is, 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' Op hierdie twee gebooie berus die hele Wet en die Profete." *(Matteus 22:37-40)*

**Die gevolge van sonde**

*Soos Adam en Eva wat vir God weggekruip het toe hulle agterkom dat hulle verkeerd gedoen het, so word ons van God geskei wanneer ons nie sy wil doen nie.*

> Maar julle sondeskuld,
> dit het skeiding gebring
> tussen julle en julle God.
> Julle sondes het Hom sy gesig
> vir julle laat verberg,
> sodat Hy nie luister nie. *(Jesaja 59:2)*

Die denke van ons sondige aard is vyandskap teen God; dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. Wie in hulle sondige aard bly, kan God nie tevrede stel nie.
*(Romeine 8:7-8)*

**God veroordeel sonde**

*Sonde druis in teen God se natuur en daarom moet dit gestraf word.*

Die toorn van God word vanaf die hemel geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van mense wat volhou om die waarheid deur ongeregtigheid te probeer onderdruk. *(Romeine 1:18)*

Elkeen van ons sal dus persoonlik voor God verantwoording moet doen. *(Romeine 14:12)*

Moenie oor mekaar kla nie, broers, sodat julle nie geoordeel word nie. Kyk, die Regter staan voor die deur. *(Jakobus 5:9)*

# Jesus Christus – redder van die mensdom

*God bewys sy liefde deur sy Seun aan ons te gee. Hy het soos ons geword en onder ons kom woon om ons die pad te wys.*

En die Woord het vlees geword
en onder ons kom woon,
en ons het sy heerlikheid aanskou,
'n heerlikheid soos dié
van die unieke Seun van die Vader –
vol genade en waarheid. *(Johannes 1:14)*

Maar God, ryk in barmhartigheid, het ons, alhoewel ons dood was as gevolg van die oortredings, op grond van sy groot liefde waarmee Hy ons liefgehad het, saam met Christus lewend gemaak – uit genade is julle verlos! Ja, Hy het ons in Christus Jesus saam opgewek, en saam laat sit in die hemel. *(Efesiërs 2:4-6)*

Want daar is een God,
en een Middelaar tussen God en die mense:
die mens Christus Jesus,
wat Homself as losprys vir almal gegee het,
tot getuienis op die bestemde tyd. *(1 Timoteus 2:5-6)*

Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie, maar wie nie glo nie, staan reeds veroordeel omdat hy nie in die Naam van die unieke Seun van God geglo het nie. *(Johannes 3:18)*

Daar is dan nou geen veroordeling vir diegene wat in Christus Jesus is nie. *(Romeine 8:1)*

# Christus is God se geskenk aan die mensdom

**Christus is soos die Vader**

*Jesus Christus is die Seun van God en God self. Hy is die inkarnasie van God die Vader op aarde.*

Die Seun is die beeld
van die onsigbare God,
die Eersgeborene
oor die hele skepping. *(Kolossense 1:15)*

Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. God het immers nie sy Seun na die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom verlos kan word. *(Johannes 3:16-17)*

In die ou tyd het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar in hierdie eindtyd het Hy met ons gepraat deur sy Seun.
Hom het Hy aangestel
as erfgenaam van alle dinge,
en deur Hom het Hy
ook die wêreld geskep.
Hy is die uitstraling
van God se heerlikheid,
en die ewebeeld van sy wese.
Hy hou alles in stand. *(Hebreërs 1:1-3a)*

Niemand het God nog ooit gesien nie; die unieke Seun, self God, wat teen die bors van die Vader is, Hy het Hom bekend kom maak. *(Johannes 1:18)*

Jesus het toe, terwyl Hy op die tempelterrein onderrig gee, uitgeroep en gesê: "Julle ken My, en julle weet ook waar Ek vandaan kom. Tog het Ek nie uit my eie gekom nie, maar Hy wat My gestuur het, vir wie julle nie ken nie, is geloofwaardig. Ek ken Hom, omdat Ek van Hom af kom en Hy My gestuur het." *(Johannes 7:28-29)*

“Laat julle harte nie ontsteld wees nie. Glo in God, glo ook in My.”

Filippus sê toe vir Hom: “Here, wys ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.” Jesus sê vir hom: “Ek is al so ’n lang tyd by julle, en het jy My nie leer ken nie, Filippus? Wie My gesien het, het die Vader gesien. Waarom sê jy dan, ‘Wys ons die Vader?’ Glo jy dan nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek vir julle sê, sê Ek nie uit Myself nie, maar dit is die Vader wat in My bly en sy werke doen. Glo My dat Ek in die Vader en die Vader in My is; of glo dan op grond van die werke self.” *(Johannes 14:1,8-11)*

“Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik – net soos U aan Hom gesag oor die hele mensdom gegee het, sodat Hy aan elkeen wat U aan Hom gegee het, die ewige lewe kan gee.” *(Johannes 17:1b-2)*

**Christus neem ons oortredinge op Hom**

*God kan sonde nie verdra nie aangesien Hy self vlekkeloos is. Sonde moet gestraf word maar God het ons so liefgehad dat Hy sy Seun gestuur het om die straf vir ons sondes te dra.*

God bewys egter sy liefde vir ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. *(Romeine 5:8)*

Want die loon van die sonde is die dood; maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here. *(Romeine 6:23)*

Immers, ook Christus
het eens en vir altyd vir sondes gely,
Hy, die Regverdige,
ter wille van onregverdiges,
sodat Hy julle na God kon bring.
Hy is wel liggaamlik doodgemaak,
maar deur die Gees is Hy lewend gemaak. *(1 Petrus 3:18)*

In Hom het ons die bevryding deur sy bloed,
die vergewing van ons oortredings
uit die rykdom van sy genade. *(Efesiërs 1:7)*

... maar nou het Hy julle deur sy menslike liggaam met Homself versoen, sodat Hy julle, deur sy dood, heilig en sonder foute en onberispelik voor Hom kan stel. *(Kolossense 1:22)*

**Christus oorwin die dood en gee die ewige lewe**

As ons saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal leef. Ons weet dat Christus, nadat Hy uit die dood opgewek is, nie weer sterf nie – die dood het nie meer seggenskap oor Hom nie. Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy ter wille van die sonde eens en vir altyd gesterf, maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God. Beskou julleself dan so dat julle in Christus Jesus dood is vir die sonde, maar lewend vir God.

*(Romeine 6:8-11)*

As die Gees van Hom wat Jesus uit die dood opgewek het in julle woon, sal Hy wat Christus uit die dood opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

*(Romeine 8:11)*

Deur sy krag het God die Here opgewek, en sal Hy ons ook opwek.

*(1 Korinthiërs 6:14)*

Christus het vir ons sondes gesterf,
volgens die Skrifte;
Hy is begrawe
en op die derde dag opgewek,
volgens die Skrifte. *(1 Korinthiërs 15:3b-4)*

**God veroordeel sonde deur Christus**

"Want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy die wêreld in regverdigheid gaan oordeel deur 'n Man wat Hy daarvoor aangewys het. En Hy het dit aan almal bevestig deur Hom uit die dood te laat opstaan." *(Handelinge 17:31)*

"Die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die volle oordeel aan die Seun oorgegee."

"Hy het aan Hom ook volmag gegee om te oordeel, omdat Hy die Seun van die Mens is. Moet julle nie hieroor verwonder nie, want daar kom 'n tyd wanneer almal in die grafte sy stem sal hoor en sal uitkom, dié wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, maar dié wat verkeerd gedoen het, tot die opstanding van veroordeling." *(Johannes 5:22,27-29)*

# Die sleutel tot God se gawe is geloof

**Wat is geloof?**
*Om te glo, is om oortuig te wees van die waarheid en betroubaarheid van dit waarin jy glo en om jou optrede daarvolgens in te rig.*

Geloof, egter, is sekerheid van die dinge wat gehoop word, 'n bewys van die dinge wat nie gesien word nie.

En wat moet ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek om te vertel van Gideon, Barak, Simson, Jefta, Dawid, en ook van Samuel en die profete – hulle wat deur geloof koninkryke verower het, wat gedoen het wat reg is, wat beloftes verkry het, wat die bekke van leeus toegestop het, wat die geweld van vuur geblus, die skerpte van die swaard ontvlug het, wat krag ontvang het in hulle swakheid, wat magtig geword het in oorlogvoering, wat slagordes van vreemdes afgeweer het. Vroue het hulle dooies deur opstanding terugontvang; ander weer is gemartel toe hulle nie die vrylating wou aanvaar nie, sodat hulle 'n beter opstanding kon verkry. *(Hebreërs 11:1,32-35)*

**Geloof is om in jou hart te glo voordat jy met jou oë sien**
… want ons leef deur geloof, nie deur aanskoue nie. *(2 Korinthiërs 5:7)*

**Geloof beteken om in Jesus Christus te glo**
Want as jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en jy glo met jou hart dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy verlos word. Want met die hart glo ons, en word so regverdig verklaar; met die mond bely ons, en word so verlos. *(Romeine 10:9-10)*

"Amen, amen, Ek sê vir julle: Wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en vir hom is daar geen veroordeling nie, maar hy het uit die dood na die lewe oorgegaan." *(Johannes 5:24)*

"Want dit is die wil van my Vader: Dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo die ewige lewe sal hê, en Ek sal elkeen van hulle op die laaste dag laat opstaan." *(Johannes 6:40)*

**Geloof beteken om Christus te gehoorsaam**

*As jy doen wat Christus vra, gee jy egtheid aan jou geloof.*

En dit is hoe ons weet dat ons Hom ken: As ons sy gebooie onderhou. Iemand wat sê, "Ek ken Hom," maar sy gebooie nie onderhou nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie; maar wie sy woorde gehoorsaam – in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, en hieruit weet ons dat ons in Hom is.
*(1 Johannes 2:3-5)*

En dit is sy gebod: Dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo, en mekaar moet liefhê volgens die gebod wat Hy aan ons gegee het. En wie sy gebooie onderhou, bly in Hom, en Hy in hulle. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly: deur die Gees wat Hy aan ons gegee het. *(1 Johannes 3:23-24)*

Want dit is die liefde vir God, dat ons sy gebooie onderhou, en sy opdragte is nie 'n swaar las nie. *(1 Johannes 5:3)*

Laat ons ons reinig van alle besoedeling van liggaam en gees, terwyl ons met diep ontsag vir God ons heiligheid verwesenlik.
*(2 Korinthiërs 7:1b)*

**Geloof beteken om berou te hê**

*Berou is om 'n diepgaande verandering van gedagte en optrede te ondergaan. Dit beteken om die rug te keer op die ou self en God se weg te volg.*

"As U my laat terugkeer,
keer ek werklik terug;
want U is die HERE my God." *(Jeremia 31:18b)*

"Sê vir die mense, 'So sê die HERE, Heerser oor alle magte: "Keer terug na My, dan sal Ek na julle terugkeer." Dit is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte.' " *(Sagaria 1:3)*

Hy het gesê: "Die bestemde tyd is vervul, en die koninkryk van God is op hande. Bekeer julle en glo die evangelie." *(Markus 1:15)*

**Geloof beteken om jou vertroue in Christus te plaas**

*Selfs ons beste dade is onvolmaak en deur sonde aangetas. Dit is tyd om jou vertroue in Christus te plaas en op te hou om op jou eie krag staat te maak. Die apostel Paulus sê:*

As iemand anders dink dat hy op menslike dinge kan vertrou,
ek nog meer –
Ek is besny op die agtste dag,
afkomstig uit die volk Israel,
uit die stam van Benjamin,
’n Hebreër uit die Hebreërs;
wat die wet betref, ’n Fariseër,
wat ywer betref,
’n vervolger van die kerk,
wat geregtigheid op grond van
wetsbeoefening betref,
onberispelik.
Maar alles wat vir my wins was,
reken ek nou as verlies,
ter wille van Christus.
Inderdaad reken ek alles as verlies,
ter wille van die uitnemendheid
daarvan om Christus Jesus,
my Here, te ken.
Ter wille van Hom,
het alles vir my ’n verlies geword,
en beskou ek dit as vullis,
sodat ek Christus as wins kan verkry,
en in Hom bevind kan word –
nie met my eie geregtigheid
op grond van die wet nie,
maar met die geregtigheid
deur geloof in Christus,
die regverdiging wat van God kom,
deur die geloof
en sodat ek Christus kan ken,
die krag van sy opstanding,
en die verbondenheid met sy lyding,
deur aan sy dood gelykvormig te word,
en ek so, hoe dan ook,
die opstanding uit die dood kan bereik. *(Filippense 3:4b-11)*

**Geloof beteken om aan Christus te behoort**

*Jy is duur gekoop met die bloed van Christus en daarom behoort jy aan Hom!*

Net so, my broers, het ook julle deur julle verbintenis met die liggaam van Christus, wat die wet betref, gesterf om aan iemand anders te behoort, naamlik aan die Een wat uit die dood opgewek is, om vir God vrug te kan dra. *(Romeine 7:4)*

Of ons dan lewe of sterwe,
ons behoort aan die Here.

Dit is tog waarvoor Christus gesterf het en weer lewend geword het – om Heer te wees oor dooies en lewendes.
*(Romeine 14:8b-9)*

Maar julle behoort aan Christus, en Christus aan God.
*(1 Korinthiërs 3:23)*

Of weet julle nie dat julle liggaam, wat julle van God ontvang het, 'n tempel is van die Heilige Gees in julle, en dat julle nie aan julleself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan met julle liggaam. *(1 Korinthiërs 6:19-20)*

# Hoe sal ons weet dat al hierdie dinge waar is?

**Deur die getuienis van die Heilige Gees**
*Die Heilige Gees is die derde persoon in die Drie-eenheid wat teenwoordig was sedert die begin en steeds onder ons woon.*

"En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Parakleet gee, sodat Hy vir ewig by julle kan wees."

"Die Parakleet, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle in alles onderrig en julle aan alles herinner wat Ek vir julle gesê het." *(Johannes 14:16,26)*

"En wanneer Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel." *(Johannes 16:8)*

Daarom maak ek aan julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God praat, sê "Jesus is vervloek!" nie, en niemand kan sê "Jesus is die Here!" behalwe deur die Heilige Gees nie. *(1 Korinthiërs 12:3)*

Dit is God wat ons saam met julle in Christus 'n vaste fondament gegee het, en ons gesalf het, wat ons ook verseël en die Gees as waarborg in ons harte gegee het. *(2 Korinthiërs 1:21-22)*

**Deur die Woord van God**

U woord is 'n lamp vir my voet
en 'n lig vir my lewenspad. *(Psalm 119:105)*

Trouens, deur die wysheid van God het die wêreld Hom nie deur hulle wysheid leer ken nie. *(1 Korinthiërs 1:21a)*

Die geloof kom dus uit die aanhoor, en die aanhoor kom deur die verkondiging van Christus. *(Romeine 10:17)*

# Iemand wat in Christus glo, is ’n nuwe mens

*Ons gee geloofwaardigheid aan ons geloof deur te leef volgens die waarhede wat ons in God se ewige Woord ontdek het.*

Daarom, as iemand in Christus is, is hy ’n nuwe skepping. Die ou dinge het verbygegaan – kyk, hulle het nuut geword. En dit alles kom van God af. *(2 Korinthiërs 5:17-18a)*

Jesus het hom geantwoord: “Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie van bo gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” Nikodemus sê vir Hom: “Hoe kan ’n mens weer gebore word as hy reeds oud is? Hy kan tog nie ’n tweede keer in die moederskoot ingaan en gebore word nie?” Jesus antwoord: “Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie uit water én Gees gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie binnegaan nie.”
*(Johannes 3:3-5)*

# Hoe leef iemand wat nuut is in Christus?

**Dien mekaar**
Niemand moet sy eie belang soek nie, maar dié van ander.

Julle moenie vir Jode of Grieke of die gemeente van God 'n struikelblok wees nie. Net soos ek ook probeer om alle mense in alle opsigte in ag te neem, en om nie my eie voordeel nie, maar dié van die meerderheid, na te streef, sodat hulle verlos mag word.
*(1 Korinthiërs 10:24,32-33)*

Wees onderdanig aan mekaar, uit ontsag vir Christus. *(Efesiërs 5:21)*

Julle moet mekaar liefhê met innige broederliefde. Gaan mekaar voor in eerbetoning. *(Romeine 12:10)*

Laat ons daarom nie moeg raak om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die regte tyd oes. Laat ons dan, terwyl ons die geleentheid het, aan almal goed doen, maar veral aan die huisgesin van die geloof. *(Galasiërs 6:9-10)*

**Wees 'n voorbeeld vir ander**
Tree met wysheid teenoor buitestanders op, en koop die tyd uit. Julle woorde moet altyd van goeie smaak getuig, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe om 'n ieder en 'n elk te antwoord. *(Kolossense 4:5-6)*

"Laat julle lig só voor die mense skyn, sodat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, kan verheerlik." *(Matteus 5:16)*

Wees doeners van die woord, en nie slegs hoorders wat julleself mislei nie. *(Jakobus 1:22)*

Daarom, broers, lê julle soveel te meer daarop toe om julle roeping en verkiesing stewig te vestig. *(2 Petrus 1:10a)*

Kinders, ons moenie net met woorde, met die tong, liefhê nie, maar met die daad, in waarheid. En hieraan sal ons weet dat ons uit die waarheid kom, en met 'n geruste gewete voor God kan staan. *(1 Johannes 3:18-19)*

**Groei in geloof**

*Die nuwe wese moet groei en volwasse raak. Groei kom deur die lees en die hoor van God se Woord en deur saam met ander gelowiges te aanbid.*

Ek bid juis dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in kennis en insig, om die dinge wat saak maak, te kan onderskei. *(Filippense 1:9-10a)*

Laat ons dan verder gaan as die eerste beginsels van die boodskap aangaande Christus, en voortgaan na volwassenheid. *(Hebreërs 6:1a)*

Vir diegene wat volwasse is in geloof, is wat ons sê, wel wysheid – nie die wysheid van hierdie wêreld, of van hierdie wêreld se heersers nie. *(1 Korinthiërs 2:6a)*

Daarom dan, van die dag dat ons dit gehoor het, hou ons nie op om vir julle te bid nie. Ons bid dat julle vervul mag word met die volle kennis van God se wil, deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, om 'n lewe te lei wat die Here waardig is, en Hom in alles tevrede te stel, terwyl julle vrug dra deur elke goeie werk, en groei in die kennis van God. *(Kolossense 1:9-10)*

... en smag soos pasgebore babatjies na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan groei, met die oog op julle verlossing. *(1 Petrus 2:2)*

# Hoe versterk God ons geloof?

*God laat ons geloof groei en sterk word op die volgende maniere:*

**Deur die Heilige Gees**

"En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd." *(Matteus 28:20b)*

"En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Parakleet gee, sodat Hy vir ewig by julle kan wees. Hy is die Gees van die waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat die wêreld Hom nie sien nie en ook nie ken nie. Julle ken Hom egter, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees."

"Die Parakleet, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle in alles onderrig en julle aan alles herinner wat Ek vir julle gesê het." *(Johannes 14:16-17,26)*

Maar toe die goedheid
en menseliefde van God,
ons Verlosser, verskyn,
het Hy ons verlos –
nie op grond van werke
wat ons uit geregtigheid gedoen het nie,
maar op grond van sy ontferming
by wyse van die afwassing
deur die weergeboorte
en vernuwing deur die Heilige Gees,
wat Hy ryklik oor ons uitgegiet het
deur Jesus Christus, ons Verlosser. *(Titus 3:4-6)*

**Deur sy Woord**

Want die woord van God
is lewend en kragtig,
en skerper as enige
tweesnydende swaard.
Dit dring deur tot by die raakpunt
tussen siel en gees,
tussen gewrig en murg,
en beoordeel die hart
se voornemens en gedagtes.

Ja, niks wat geskape is,
is vir Hom verborge nie,
maar alles is oop en bloot voor sy oë,
Hom teenoor wie ons ons moet verantwoord.

*(Hebreërs 4:12-13)*

Elke Skrifdeel is deur God geïnspireer en is nuttig vir onderrig, weerlegging, teregwysing, en opvoeding om God se wil te gehoorsaam, sodat die mens wat aan God behoort, bekwaam kan wees, ten volle toegerus vir elke goeie taak. *(2 Timoteus 3:16-17)*

Toe het Jesus vir die Jode wat Hom geglo het, gesê: "As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels, en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak."

*(Johannes 8:31-32)*

**Deur die kerk**

*Die liggaam van die kerk met sy openbare aanbiddingsbyeenkomste, die sakramente en wedersydse gemeenskap van gelowiges verteenwoordig die tuiste van gelowiges.*

Hulle het bly volhard in die leer van die apostels, die verbondenheid met mekaar, die breek van die brood, en gebede.

Hulle het eensgesind volhard om die tempelterrein daagliks te besoek, aan huis die brood te breek en hulle maaltye met uitbundige blydskap en met opregte harte te geniet. Hulle het God bly prys, en die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het daagliks verlostes by hulle getal gevoeg.

*(Handelinge 2:42,46-47)*

Die menigte wat gelowig geword het, was een van hart en siel, en niemand het na enige van sy besittings as sy eie verwys nie, maar hulle het alles gemeenskaplik besit. *(Handelinge 4:32)*

Die kerk dwarsdeur die hele Judea, Galilea en Samaria het vrede beleef en is opgebou. Hulle het met ontsag voor die Here geleef, en met die bemoediging van die Heilige Gees, het hulle getalle toegeneem. *(Handelinge 9:31)*

**Deur openbare aanbidding**

Toe Jesus in Nasaret kom, waar Hy grootgeword het, het Hy op die Sabbat na die sinagoge gegaan, soos sy gewoonte was.
*(Lukas 4:16a)*

Laat ons ons ook daarop toelê om mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade, sonder om ons eie samekoms te verwaarloos, soos sommige se gewoonte is; laat ons eerder mekaar aanmoedig, soveel te meer nog namate julle dié dag sien nader kom!
*(Hebreërs 10:24-25)*

Inteendeel: Word vervul deur die Gees, terwyl julle onder mekaar psalms, lofgesange en geestelike liedere laat opklink, ja, van harte tot die Here sing en psalmsing, en God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus dank. *(Efesiërs 5:18b-20)*

Een ding het ek van die HERE gevra
en dit sal ek bly nastreef:
om al die dae van my lewe
in die huis van die HERE te woon,
om die lieflikhede van die HERE
te aanskou en daaroor
na te dink in sy tempel. *(Psalm 27:4)*

Ek was bly toe hulle vir my gesê het:
"Kom ons gaan na die huis
van die HERE." *(Psalm 122:1)*

**Deur onderrig en lering**

Hoe kan hulle Hom dan aanroep, as hulle nie tot geloof in Hom gekom het nie? En hoe kan hulle in iemand glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder iemand wat dit verkondig? En hoe kan hulle dit verkondig as hulle nie gestuur word nie? Soos daar geskryf staan: "Hoe lieflik is die voetstappe van diegene wat die goeie boodskap verkondig." *(Romeine 10:14-15)*

Daarom dan, van die dag dat ons dit gehoor het, hou ons nie op om vir julle te bid nie. Ons bid dat julle vervul mag word met die volle kennis van God se wil, deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, om 'n lewe te lei wat die Here waardig is, en Hom in alles tevrede te stel, terwyl julle vrug dra deur elke goeie werk, en groei in die kennis van God. *(Kolossense 1:9-10)*

**Deur gemeenskap met Christus en medegelowiges**

Ja, wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons ook aan julle, sodat ook julle aan ons verbonde kan wees. En ons verbondenheid is aan die Vader en aan sy Seun Jesus Christus. *(1 Johannes 1:3)*

Net so is ons, al is ons baie, een liggaam in Christus, en individueel lede van mekaar. *(Romeine 12:5)*

En ons is tog álmal deur die een Gees in een liggaam in gedoop – Jode of Grieke, slawe of vrymense.

Maar nou is daar wel baie ledemate, maar net een liggaam. *(1 Korinthiërs 12:13a,20)*

**Deur die nagmaal**

"Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy vir ewig leef. En die brood wat Ek sal gee, is my liggaam wat Ek gee vir die lewe van die wêreld."

Die Jode het toe onder mekaar gestry en gesê: "Hoe kan hy sy liggaam vir ons gee om te eet?" Daarop sê Jesus vir hulle: "Amen, amen, Ek sê vir julle: As julle nie die liggaam van die Seun van die Mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julle nie. Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag laat opstaan. Want my liggaam is ware voedsel, en my bloed is ware drank. Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader leef, so sal die een wat My eet, ook deur My leef." *(Johannes 6:51-57)*

Die beker van danksegging, waaroor ons die dankgebed uitspreek, is dit nie deelname aan die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie deelname aan die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood. *(1 Korinthiërs 10:16-17)*

**Deur gebed**

"Amen, amen, Ek sê vir julle: Wat julle die Vader in my Naam vra, sal Hy aan julle gee. Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Vra, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees." *(Johannes 16:23b-24)*

"Vra, en vir julle sal gegee word;
soek, en julle sal vind;
klop, en vir julle sal oopgemaak word.
Want elkeen wat vra, ontvang;
en wie soek, vind;
en vir wie klop, sal oopgemaak word." *(Matteus 7:7-8)*

Op 'n keer het Jesus op 'n sekere plek gebid, en toe Hy klaar was, het een van sy dissipels vir Hom gesê: "Here, leer ons bid, soos ook Johannes sy dissipels geleer het."

Hy het vir hulle gesê: "Wanneer julle bid, moet julle sê,
" 'Vader, laat u Naam
geheilig word.
Laat u koninkryk kom.
Gee ons elke dag
ons daaglikse brood
en vergeef ons ons sondes;
want ook ons vergeef elkeen
wat teenoor ons skuldig staan.
En bring ons nie
in versoeking nie.' " *(Lukas 11:1-4)*

En dit is die vrymoedigheid wat ons voor Hom het: Dat Hy ons gebede verhoor as ons iets volgens sy wil vra. En as ons weet dat Hy ons verhoor in alles wat ons vra, weet ons dat ons alles ontvang wat ons van Hom vra. *(1 Johannes 5:14-15)*

**Deur versoeking te weerstaan**

*God versterk ons geloof om versoeking te weerstaan.*

Hierna is Jesus deur die Gees die woestyn ingelei om deur die Duiwel versoek te word.

Toe sê Jesus vir hom: "Gaan weg, Satan! Want daar staan geskryf,
" 'Die Here jou God moet jy aanbid
en Hom alleen dien.' "

Toe het die Duiwel Hom met rus gelaat, en kyk, daar het engele gekom en Hom versorg. *(Matteus 4:1,10-11)*

En bring ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose. *(Matteus 6:13)*

Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die listighede van die Duiwel. Vir ons is die stryd immers nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van hierdie duisternis, teen die bose geeste in die hemelruim. *(Efesiërs 6:11-12)*

Weerstaan die Duiwel, dan sal hy van julle wegvlug. *(Jakobus 4:7b)*

Wees nugter, wees waaksaam. Julle teenstander, die Duiwel, loop rond "soos 'n brullende leeu", op soek na wie hy kan verslind. Hom moet julle teenstaan, standvastig in die geloof, in die wete dat julle medegelowiges oor die hele wêreld dieselfde soort lyding verduur. *(1 Petrus 5:8-9)*

Gelukkig is die man wat versoeking deurstaan, want as hy die toets slaag, sal hy die oorwinningskrans van die lewe ontvang, wat God beloof het aan hulle wat Hom liefhet.

Laat niemand wat versoek word, sê: "Ek word deur God versoek" nie, want God kan nie deur kwaad versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie. Elkeen word versoek wanneer hy deur sy eie begeerte meegevoer en verlei word. Dan, wanneer die begeerte bevrug is, gee dit geboorte aan die sonde, en wanneer die sonde volgroei is, gee dit geboorte aan die dood.

*(Jakobus 1:12-15)*

**Deur die volkome oorgawe aan God**

Laat die sonde dan nie langer oor julle sterflike liggaam heers, om julle sy begeertes te laat gehoorsaam nie. Julle moet ook nie meer julle ledemate as wapens van ongeregtigheid tot beskikking van die sonde stel nie. Nee, as mense wat uit die dood lewend geword het, stel julleself tot beskikking van God, en julle ledemate as wapens van geregtigheid tot beskikking van God.

*(Romeine 6:12-13)*

Let daarom sorgvuldig op hoe julle leef – nie as onverstandiges nie, maar as wyses. Koop die tyd uit, omdat die dae vol boosheid is. Om hierdie rede moet julle nie onverstandig wees nie; probeer eerder om te verstaan wat die wil van die Here is. En moenie deur wyn bedwelm raak nie; daardeur ontstaan losbandigheid. Inteendeel: Word vervul deur die Gees, terwyl julle onder mekaar psalms, lofgesange en geestelike liedere laat opklink, ja, van harte tot die Here sing en psalmsing, en God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus dank.

*(Efesiërs 5:15-20)*

# Verkondig die Goeie Nuus

*God wil die wêreld bereik deur gelowiges en daarom is dit ons taak om die Goeie Nuus te verkondig:*

"Laat julle lig só voor die mense skyn, sodat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, kan verheerlik."

*(Matteus 5:16)*

"Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees, en hulle te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd."

*(Matteus 28:19-20)*

"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle moet my getuies wees in Jerusalem, in die hele Judea en Samaria, en tot aan die einde van die aarde."

*(Handelinge 1:8)*

Dié wat verstrooi is, het rondgetrek en die evangeliewoord verkondig. En Filippus het na 'n stad in Samaria gegaan en die Christus aan hulle verkondig. *(Handelinge 8:4)*

"En Hy het ons beveel om aan die volk te verkondig en kragtig te getuig dat dit Hy is wat deur God aangewys is as Regter oor die lewendes en die dooies. Oor Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, deur sy Naam vergewing van sondes ontvang."

*(Handelinge 10:42-43)*

Ek vermaan jou ernstig voor God en Christus Jesus, wat die lewendes en die dooies gaan oordeel, en ook met die oog op sy verskyning en sy koninkryk: Verkondig die woord, hou tydig en ontydig aan, weerlê, bestraf, bemoedig in alle geduld en deur lering. Want daar kom 'n tyd wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie.

*(2 Timoteus 4:1-3a)*

# Gaan in vreugde en vrede

*Mense wat hulle geluk in aardse dinge en tydelike genot soek, word spoedig teleurgestel. Maar as ons volgens God se Woord leef, ervaar ons vreugde en vrede wat 'n leeftyd duur.*

Maar toe die goedheid
en menseliefde van God,
ons Verlosser, verskyn,
het Hy ons verlos –
nie op grond van werke
wat ons uit geregtigheid gedoen het nie,
maar op grond van sy ontferming –
by wyse van die afwassing
deur die weergeboorte
en vernuwing deur die Heilige Gees,
wat Hy ryklik oor ons uitgegiet het
deur Jesus Christus, ons Verlosser.
So het ons,
geregverdig deur sy genade,
erfgename geword
van die ewige lewe
waarop ons hoop. *(Titus 3:4-7)*

Dié wat met trane saai
sal met jubelkrete maai.
Die draer van die saadsak
wat loop en huil,
sal beslis terugkom met jubelkrete
terwyl hy sy gerwe dra. *(Psalm 126:5-6)*

Gelukkig is elkeen
    wat vir die HERE ontsag het,
    wat sy paaie volg!
Die vrug van jou hande
    sal jy beslis geniet.
Gelukkig is jy!
Dit gaan goed met jou. *(Psalm 128:1-2)*

En Hy het vrede as goeie boodskap aan julle kom verkondig, aan julle wat ver was, en ook vrede aan diegene wat naby was. *(Efesiërs 2:17)*

Genade vir julle en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus Christus. *(Galasiërs 1:3)*